DIE OMGEEGEMEENTE
NGK SOMERSET-WES
Sedert 1819

10 Augustus 2025

## Gasvryheids-bediening Tee/koffie

Kom drink gerus koffie/tee na die erediens in KOSMOS in die kerksaal. Dankie aan Elisma Lotz en span!

## Gebedsonderwerpe

- Laat ons die Here loof en dank vir sy troue liefde.
- Bid vir werk van die Betesdabediening – bid vir elkeen wat met persone op die gebedslys skakel, vir liefde en empatie sodat hulle elkeen met wie hulle skakel sal bemoedig en verseker dat hulle nie alleen is nie.
- Ons President – vir wysheid en bereidheid om sy taak om die land te lei met integriteit te doen met die beste belang van die land as hoogste prioriteit.
- Bid dat die regte persoon na vore sal kom om die vakature by Truth2Kids te vul. Bid vir die projek se werk met kinders wat kwesbaar is – dat hulle die onvoorwaardelike liefde van Christus by die kinders sal tuisbring en so hulle lewens positief beïnvloed.

***Epos: hannetjiegericke@gmail.com***

## Oggenddiens 09:30

Baie welkom in die erediens vandag. Ons verwelkom ook graag vir Ds Bas wat vandag vir Ds Johan aflos en bid hom die seën van die Here toe met die verkondiging van die Woord.




## Voorbidding

- **Piet Neethling & gesin**, met die afsterwe van hul ma en ouma.
- **Ebo Oost,** sterk aan na skoueroperasie.
- **Donna-Marie Oost,** herstel na hospitalisasie.
- **Pieter Voigt,** herstel na hospitalisasie.
- **Elna du Toit se familie** met haar afsterwe. **Troosdiens 16/8, 11:00.**
- **Stephan J v Rensburg,** chemoterapie.
- **Linda Styger**, herstel na aorta-klepvervangings-operasie.
- **Dick Magson,** broos.
- **Ben du Toit,** broos.
- **Chellé vd Merwe,** broos.




# BORG

**van die maand**

# Brits & Matthee Prokureurs

## Paul Brits

**021 852 3650**

Brightstraat 23
Somerset-Wes
paul.brits@mweb.co.za


## AUG se deurkollektes

| | |
|---|---|
| 03 Aug: | Gemeentebediening-R1254 |
| 10 Aug: | Projekte 2025 |
| 17 Aug: | Jeugbediening |
| 24 Aug: | CAD |
| 31 Aug: | Sin: Nuwegeloofsgemeenskap |

## Bybelstudie Stormhaven

Donderdag, 14 Augustus om 10:00

## DANKOFFER BETALINGS:

**1. Elektronies/internet bankdienste:**

| | |
|---|---|
| Rek naam: | NGK Somerset Wes |
| Bank: | ABSA |
| Tipe rek: | Tjekrekening |
| Rek nr.: | 2900 590 132 |
| Takkode: | 632 005 |
| Verwysing: | Dankoffer/Kollekte |

**2. Snapscan:**

SnapScan

Snap here to pay

**3. Kontantinbetalings & koeverte:**

Kontantinbetalings by kerkkantoor.
Dank- en geloofofferkoeverte kan ook in die kerkkantoor se posbus geplaas word.
Dié posbus word 1x per week leeggemaak.

**4. Debietordervorms:** Op die webblad beskikbaar, of kontak die skriba om 'n debietorder te reël by 021 - 852 1787 / ngsomerset@mweb.co.za.

## Stroming

Hierdie diens se skakel sal ongeveer 09:15 beskikbaar wees op die gemeente se webtuiste by https://ngkerksomersetwes.co.za/
Die alternatief is om na Youtube te gaan en in die soekbalkie "Omgeegemeente" of "NGK Somerset-Wes" te tik. Die skakel na die erediens sal kort voor die aanvang van die erediens, daar beskikbaar wees.

## Geen meditatiewe diens – 10 Aug

## Bybelstudie Woensdae

**Oggende: 2-weekliks**
20 Aug 10:00 Patmos
**Aande: weekliks**
13 Aug 18:00 Patmos

## Gebedsgroep Woensdae

13 Augustus om 09:00 in die konferensiekamer.

Die Helderberg Ramphulp projek benodig die dienste van 'n landmeter of spesialis wat kan help met 'n topografie opsomming van 'n area in Croydon, op die Faure Plaas. Hierdie laagliggende area naby 'n rivier en dam, oorstroom gereeld en die topografie inligting en/of spesialis advies word benodig om te bepaal of voorkomende grondverskuiwings die situasie kan verbeter.



**Vrywilliger gesoek**

Kontak asseblief vir Roelof Louw
by 082 467 4328

## Manne Reisgesprek Vrydagoggende
**15 Augustus 2025** in die konferensiekamer
* Koffie 05:15 * Gesprek 05:30 *

## BEROEPINGSPROSES

Ds. Johan emeriteer aan die einde van November 2025. Die Pre-Advieskommissie soos deur die Kerkraad aangewys, is besig met die beroepingsproses om die vakature te vul. Gedurende Junie/Julie is aansoeke gesif, sodat 'n kortlys opgestel kon word. Onderhoude vind gedurende Augustus plaas. Die finale lys van potensiële kandidate sal by die Kerkraadsvergadering van 26/8/2025 aan die Kerkraad voorgelê word. 'n Beroepingsvergadering word geskeduleer vir 2/9/2025 waartydens 'n beroep uitgebring sal word. Kennisgewing van wie beroep is sal vir twee agtereenvolgende Sondae, 7 & 14/9, in die afkondigings verskyn waarna die kandidaat sy/haar antwoord sal bekendmaak. Ds Johan beëindig diens aan die einde van November 2025 en neem demissie met sy afskeidspreek.

**Ons vra steeds die gemeente se voorbidding waar ons, in afhanklikheid van die Here en gelei deur Sy Gees, die persoon wat deur die Here gekies is, wil beroep.**

# Kategese: 10 Aug 2025

## Junior kategese: Voorskool – Gr 6

- **Voorskool: tydens die erediens in die ou moederskamer in die kerk.**

verkleur mannetjies
'n Reeks wat kleuters help om die evangelie deur middel van kleure te verstaan

Goud, swart, rooi, wit, groen

Jesus word gebore

*"Jammer, ons is vol! Hier is geen plek nie. Probeer die volgende herberg."* Jesus se ouers kon nie blyplek kry nie omdat so baie mense in die dorp was. Die kleuters vind uit dat Jesus nou nog blyplek in ons lewens soek omdat daar so baie sonde in die wêreld en in ons lewens is. Jesus is gebore om in ons te kom woon.

***Al was ek nie daar nie, ek weet dit is waar. Die krip en Maria met die Kindjie by haar. Dis asof die Engel die boodskap nog bring, van Jesus se liefde, wat harte laat sing!***

**Graad 1–6: tydens die erediens in Patmos in die kerksaal.**

God se Boek van wêreldrekords

Wonderkombuis in die woestyn




Daar is baie rekords oor kos. In November 2000 het Rob Williams 'n toebroodjie gemaak binne 1 minuut en 57 sekondes wat kaas, blaarslaai, tamatie en mayonnaise, olywe en agurkies op 'n stokkie bevat het. Sy rekord: Hy het die broodjie met een voet gemaak. Ons gaan luister na 'n paar koswonderwerke uit die Bybel en die kinders sal besef dat God die grootste rekordhuer is as dit kom by die versorging van ons as mense.

***Konings 17:4: "Jy kan water uit die spruit drink, en Ek het die kraaie beveel om daar vir jou te sorg."***

**Kategeet: Ds Werner Schultz (084 645 1173)**

## Senior kategese: Graad 7 – 12

- **Graad 7-9: na die erediens in die konferensiekamer in die kerksaal.**

**Kategeet: Gideon Muller (083 236 9869)**

- **Graad 10-12: na die erediens in Ds Johan se kantoor in die kerksaal.**

**Belydenisklas Kategeet: Ds Johan van Niekerk (082 442 9622)**

## Uyavula Fondsinsameling Leesprojek



Jy word uitgenooi na 'n tee-proe en kuier. Kom saam op 'n begeleide proe-reis van eg Suid-Afrikaanse tee.


**Saterdag, 16 Augustus 2025**

**10:00-12:00, Helderberg Gemeente**

Koste: R100 per persoon
Betaal direk in Helderberg Uitreik se rekening, ABSA, 9114 483 080
***Verwysing: Uyavula Tee-proe+Naam***
Kontak: Hannetjie, 082 778 1510 om te laat weet dat jy betaal het.

**Hiermee word kennis gegee van die Algemene Jaarvergadering van Disakloof Jeugmaatskappy wat gehou sal word op Saterdag 23 Augustus 2025 te Disakloof kampterrein, Clarence Drive, Bettiesbaai. Enigiemand is welkom om die vergadering by te woon.**

**Dienende Hande** is op soek na vrywilligers (mans & dames) om te help met funksies en voorbereidings soos: saal regmaak, tafels dek, blomme rangskik ens. Hierdie vrywilligers **hoef nie op Dienende Hande se komitee te dien nie**, maar beskikbaar wees vir hulp by geleenthede soos herfsmark, basaar, sop en poeding, PJP en Kersmark voorbereidings. Kontak asb. vir Liesle by die kerkkantoor (021 852 1787) as jy bereid is om te help.




## HEMEL-OP-AARDE PROJEK

### "HOEP" afkorting vir "Heaven-on-Earth Project"

Voorsien Graad R en RR verrykingsmateriaal aan skole en kleuterskole in die Wes-Kaap en lei die onderwysers op in die gebruik van die materiaal.
Kontakpersoon:
Sunette Erasmus
sunette.erasmus@outlook.com

## HELDERBERG SENIORKLUB

| | |
|---|---|
| *BYEENKOMS:* | Dinsdag, 12 Augustus 2025 |
| *PLEK:* | NG Kerk Lourensrivier, Jenningsstraat, Strand |
| *TYD:* | 09:00 Tee en verversings<br>09:30 Samesang en program |
| *TEE:* | Lede: R10-00; Besoekers: R20-00 |
| *SPREKER:* | Ds Willem Botes<br>Hy kom met ons gesels oor sy tyd wat hy werksaam was in Decoligny |

Ons nooi alle afgetredenes hartlik uit na ons byeenkoms.

***Almal baie welkom!***

# Gemeente Stigtingsdag
# 10 Augustus 1819




## BASAAR 2025 SAMEROEPERS

| PRODUKTE | SAMEROEPER(S) | KONTAKBESONDERHEDE |
|---|---|---|
| Hamburgers & chips | Johan & Christine v Niekerk | 082 442 9622/082 785 5050 |
| Snoek & patats | Hennie & Lydia Gerber | 082 470 5989 / 082 418 3570 |
| Boereworsrolle+wors,pap&sous | Bennie & Rona van Zyl | 082 4666 558 / 082 339 1362 |
| Spitbraaietes (So middag) | Piet Neethling | 082 443 2088 |
| Kerrie & Rys | Annet Claassen | 082 416 6236 |
| Jaffles | Gerrit van Zyl | 071 604 3513 |
| Pannekoek (1e skof)<br>Pannekoek (2de skof) | Tersia Baard<br>Tersia Baard | 078 324 4692 |
| Roosterkoek | Leoné Malan | 082 854 6013 |
| Ontbytrolle | Herman & Liesle J v Rensburg | 083 272 1745 |
| Poeding | Letteli Nel | 083 350 8673 |
| Gebak (koeke, terte, beskuit) | Hanlie Neethling | 072 433 7243 |
| Kleinkoekies | Cecile vd Poel | 073 173 1134 |
| Spookasem | Ebo & Donna-Marie Oost | 083 640 3443 / 079 382 7555 |
| Fudge | Hannetjie Ferreira | 083 742 3478 |
| Lekkers | Jan Mynhardt | 084 516 9470 |
| Gemmerbier | Tanja Mynhardt | 084 614 9057 |
| Teekamer | Suzette Posthumus | 061 262 8298 |
| Allerlei | Gerda Oosthuizen | 082 3735 230 |
| Tweedehandse Boeke | Amanda Marais | 083 5616 980 |
| Deurwagte | Jan M, Danie dK, Pieter dBr,<br>Nico Kapp | |

# ** BASAAR 2025 **

Die basaarwiele is aan die rol! Die basaar sal dieselfde vorm as in die verlede aanneem, naamlik 'n winkelopset met produkte wat vooraf gemerk is. Betaling: **kontant**, per **kredietkaart** of **Snapscan**. Die basaar is een van ons gemeente se grootste fondsinsamelingsprojekte en ons het jou **ondersteuning** baie nodig.

**Kom kies, koop en kuier lekker by die basaar!!**

## *BASAARLYSTE*

**Basaarlyste** is reeds per epos aan omgeewerkers versprei. Ons wil ons omgeewerkers/dienswerkers van harte bedank dat hulle gemeentelede in hulle wyke sal besoek/kontak met die basaarlyste. Ons is baie afhanklik van die finansiële bydraes wat ons elke jaar op die basaarlyste ontvang en wil by voorbaat baie dankie sê vir elke bydrae.

## *BETAALMETODES* vir bydraes op basaarlys

**1. Elektronies:**

| | |
|---|---|
| Rek naam: | NGK Somerset-Wes |
| Bank: | ABSA |
| Tipe rek: | Tjekrekening |
| Rek nr.: | 2900 590 132 |
| Takkode: | 632 005 |
| **Verwysing:** | **BASAAR Naam&Van** |

**2. Kontant:**
Kontant inbetaal by die kerkkantoor (kwitansie)
Kontant vir omgeewerker (parafeer op basaarlys – kwitansie by kerkkantoor)

**3. Snapscan** (**QR-kode verskyn op basaarlys en afkondigings**)
NGK Somerset-Wes, **Verwysing: BASAAR Naam&Van**

## *GEBAK*

Dit sal wonderlik wees as gemeentelede die "gebak" tafel kan ondersteun met **koeke**, **terte** en **beskuit**. Kontak asb. vir Hanlie by 072 433 7243 as jy hiermee kan help.

## *KASSIERE*

Ons is op soek na skoliere/studente as **kassiere** by ons betaalpunte. 'n Vinnige kursus van hoe die stelsel werk, sal vooraf aangebied word. Kontak: Tanja by 084 614 9057.

## *KOELDRANKBOTTELS*

Bring asb. jou **leë, plastiese, deurskynende gaskoeldrankbottels (1liter & 2 liter)** na die kerkkantoor. Dit sal vir die gemmerbier gebruik word.

## *ALLERLEI & BOEKE*

Ons benodig allerlei **goedere** en **boeke** wat nog in goeie en bruikbare toestand is en waarvoor jy dalk nie meer nut het nie. Gee asb. by die kerkkantoor af voor of op **1 Sep**.

## *SPITBRAAI*

Sal na die basaar as **Sondagmiddagete** aangebied word. Meer inligting volg later.

## *SAMEROEPERS*

Raak asb. betrokke, bied jou hulp aan en meld aan. Die sameroepers het jou hulp nodig.
Jy kan sommer direk met die sameroeper skakel, waar jy behulpsaam wil wees.
Die sameroepers se name met kontakbesonderhede verskyn hier langsaan.